Hoor My (a)

Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die belangrikheid van kommunikasie te laat ervaar.
2. Bekend te stel aan moderne tegnologie en kommunikasiemiddels.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die verskillende Voortrekkerfluitseine aanleer.
2. Die praktiese gebruik van handseine aanleer.
3. Kennis maak met die rekenaar as kommunikeerder deur ‘n e-pos boodskap aan iemand te stuur.
4. Weet hoe om ‘n faks te stuur en te ontvang.
5. Weet hoe om ‘n kollekteeroproep op ‘n landlyn te maak en ‘n “bel my terug” met ‘n selfoon te maak.
6. ‘n Oproep van verskillende beskikbare openbare telefone kan maak.
7. Weet hoe om ‘n telefoon korrek te beantwoord.
8. Telefoonnommers van ‘n familielid en ‘n vriend vir noodgevalle ken.
9. Weet hoe en wanneer om die alarmstelsel se paniekknoppie te gebruik.
10. Weet hoe om internet as kommunikasiemiddel veilig te gebruik.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1 en 2. Leer die fluitseine en handseine vir die kind aan. Gebruik uitstappies in die veld, plakkate, speletjies en kompetisies om die seine en fluite te oefen en te gebruik. ‘n Skattejag kan byvoorbeeld gereël word waartydens die kind die seine gebruik om die roete suksesvol af te lê en die skat te vind.
2. Vereiste 3 tot 7. Elke kind moet die geleentheid kry om die toerusting (faks, rekenaar en telefoon) te hanteer en ook die nodige opdragte self kan uitvoer. Speletjies en kompetisies kan tussen spanne gehou word om boodskappe te stuur of terugvoering te gee.
3. Vereiste 8. Maak ‘n kaartjie met die name en telefoonnommers (handgemaak of met die rekenaar) van die vriende en familie. Lamineer dit vir gebruik en verwysing.
4. Vereiste 9. Gee inligting en oefen hierdie noodsituasie. Gebruik kundiges soos die polisie of ‘n sekuriteits-maatskappy om dit te demonstreer. Dit dra gewoonlik meer gewig as ‘n buitepersoon hierdie saak hanteer.
5. Vereiste 10. Die kind moet weet dat die internetfunksies soos byvoorbeeld “google”, “skype” en “facebook” katvoet en met handskoene aangepak moet word.